

RESULTATE VIR DIE JAAR GEËINDIG 28 FEBRUARIE 2015



PSG GROEP BEPERK

SOM-VAN-DIE-DELE-WAARDE styg met **72%** tot **R163,28** per aandeel soos op 28 Februarie 2015 **HERHALENDE WESENSVERDIENSTE** styg met **32%** tot **594 sent** per aandeel

SOM-VAN-DIE-DELE-WAARDE van **R195,02** per aandeel soos op 7 April 2015

DIVIDEND VIR DIE JAAR styg met **50%** tot **200 sent** per aandeel

OORSIG

PSG Groep Bpk ("PSG") is 'n beleggingshouermaatskappy met onderliggende beleggings wat bedrywig is in 'n breë spektrum van industrieë, insluitende finansiële dienste, bankwese, privaat ekwiteit, landbou en onderwys. PSG se markkapitalisasie (netto van tesourie-aandele) is ongeveer R36mjd.

PSG het hierdie oorsigjaar vir die eerste keer *gekonsolideerde herhalende wesensverdiens* van meer as R1mjd behaal. Dié mylpaal is bereik danksy sterk resultate van al sy sleutelbeleggings.

RESULTATE

Die twee sleutelmaatstawwe waaraan prestasie na PSG se oordeel gemeet moet word, is die *som-van-die-dele-waarde* ("SVDD-waarde") en *herhalende wesensverdiens* per aandeel.

SVDD

Die berekening van die *SVDD-waarde* is eenvoudig en vereis beperkte subjektiwiteit, aangesien 88% van die waarde bereken word deur JSE-genoteerde aandeelpryse te gebruik, terwyl ander beleggings teen markverwante waardasies ingesluit word. Op 28 Februarie 2015 was die *SVDD-waarde* per PSG-aandeel R163,28 (2014: R95,01). Op 7 April 2015 was die *SVDD-waarde* R195,02 per aandeel.

Bate/Las	28 Feb 2013 Rm	28 Feb 2014 Rm	28 Feb 2015 Rm	7 Apr 2015 Rm	% van totaal
Capitec*	6 128	5 989	14 549	19 339	46%
Curro*	2 607	4 660	6 236	7 378	17%
PSG Konsult*	2 237	4 004	5 710	5 812	14%
Zeder*	1 412	1 698	3 712	4 059	10%
PSG Private Equity†	681	949	1 246	1 169	3%
SEB-beleggingshouermaatskappy (voorheen Thembeke)†	899	1 243	603	721	2%
PSG Corporate (PSG Capital ingesluit)††	383	383	1 398	1 398	3%
Ander beleggings (kontant ingesluit)††	1 505	1 122	2 031	2 360	5%
Totale bates	15 852	20 048	35 485	42 236	100%
Ewigdurende voorkeuraandeelbefondsing*	(1 163)	(1 393)	(1 411)	(1 318)	
Ander skuld††	(845)	(615)	(679)	(1 030)	
Totale SVDD-waarde	13 844	18 040	33 395	39 888	
Aantal uitgereikte aandele (netto van tesourie-aandele) (m)	190,5	189,9	204,5	204,5	
SVDD-waarde per aandeel (rand)	72,67	95,01	163,28	195,02	

* Genoteer op die JSE Bpk † SVDD-waarde †† Waardasie

HERHALENDE WESENSVERDIENSTE

	28 Feb 2013 Rm	28 Feb 2014 Rm	Ver- andering %	28 Feb 2015 Rm
Capitec	500	571		729
Curro	8	21		31
PSG Konsult	119	163		214
Zeder	107	127		152
PSG Private Equity	75	51		59
SEB-beleggingshouermaatskappy (voorheen Thembeke)	28	23		45
PSG Corporate (PSG Capital ingesluit)	16	7		38
Ander	30	39		51
Herhalende wesensverdiens voor befondsing	883	1 002	32	1 319
Befondsing	(168)	(181)		(177)
Herhalende wesensverdiens	715	821	39	1 142
Nie-herhalende items	160	191		432
Wesensverdiens	875	1 012	56	1 574
Nie-wesensitems	265	47		(14)
Toeskryfbare verdienste	1 140	1 059	47	1 560
Geweegde gemiddelde aantal uitgereikte aandele (netto van tesourie-aandele) (m)	182,2	183,0	5	192,3
Verdiens per aandeel (sent)				
- Herhalende wesens-	392,3	448,8	32	593,6
- Wesens-	480,2	553,2	48	818,6
- Toeskryfbare	625,5	578,5	40	811,3
Dividend per aandeel (sent)	111,0	133,0	50	200,0

VOORUITSIGTE

Ons glo dat PSG se beleggingsportefeulje in die toekoms steeds bogemiddelde opbrengste sal lewer.

DIVIDEND

PSG se beleid is steeds om tot 100% van vrye kontantvloeï as 'n gewone dividend te betaal, waarvan een derde as 'n tussentydse dividend betaalbaar is en die res as 'n finale dividend met jaareinde. Die direkteure het besluit om 'n finale bruto dividend van 145 sent (2014: 90 sent) te verklaar, wat die totale dividend op 200 sent (2014: 133 sent) te staan bring vir die jaar geëindig 28 Februarie 2015.

Die finale dividendbedrag na aftrekking van Suid-Afrikaanse dividendbelasting is 123,25 sent per aandeel vir aandeelhouders wat nie van dividendbelasting vrygestel is nie. Die aantal uitgereikte gewone aandele op die verklaringsdatum is 220 431 722, en die inkomstebelastingnommer van die maatskappy is 9950080714.

Die belangrike datums van hierdie dividenduitkering is die volgende:

Laaste dag vir verhandeling met dividend	Donderdag, 30 April 2015
Verhandeling sonder dividend begin	Maandag, 4 Mei 2015
Rekorddatum	Vrydag, 8 Mei 2015
Betaaldatum	Maandag, 11 Mei 2015

Aandeelsertifikate mag nie tussen Maandag, 4 Mei 2015 en Vrydag, 8 Mei 2015, albei dae ingesluit, gedematerialiseer of gerematerialiseer word nie.

NAGESIENE FINANSIËLE RESULTATE

Hierdie vrywillige aankondiging bevat slegs 'n opsomming van die inligting van die volledige aankondiging wat op Woensdag, 15 April 2015 op die Sekuriteitebeursnuusdienste ("SENS") vrygestel is, en is die direkteure se verantwoordelikheid. Raadpleeg asseblief die volledige aankondiging vir addisionele inligting. Die volledige aankondiging is op PSG se webwerf beskikbaar by www.psggroup.co.za of kan gedurende kantoorure gratis aangevra en persoonlik verkry word by die maatskappy en sy borg se geregistreerde kantoor. Enige beleggingsbesluite deur beleggers en/of aandeelhouders moet gebaseer word op 'n oorweging van die inligting in die volledige aankondiging wat op SENS vrygestel is.

Namens die direksie

Jannie Mouton
Voorsitter

Piet Mouton
Hoof Uitvoerende Beampte

Wynand Greeff
Finansiële Direkteur

Stellenbosch
15 April 2015

PSG GROEP BEPERK: Registrasienommer: 1970/008484/06 JSE-aandelekode: PSG ISIN-kode: ZAE000013017

DIREKTEURE: JF Mouton (Voorsitter)*, PE Burton*, ZL Combi*, J de V du Toit*, MM du Toit*, FJ Gouws*, WL Greeff (FD)*, JA Holtzhausen*, MJ Jooste* (Alt: AB la Grange), JJ Mouton*, PJ Mouton (HUB)*, CA Otto*, W Theron* *Uitvoerend *Nie-uitvoerend ^Onafhanklik nie-uitvoerend

GEREGISTREERDE KANTOOR: 1ste Verdieping Ou Kollege, Kerkstraat 35, Stellenbosch, 7600; Posbus 7403, Stellenbosch, 7599

OORDRAGSEKRETARIS: Computershare Investor Services (Edms) Bpk, Marshallstraat 70, Johannesburg, 2001; Posbus 61051, Marshalltown, 2107

BORG: PSG Capital

AUDITEUR: PricewaterhouseCoopers Geïnk.